

# Lugvaart-Termelys

Saamgestel deur Chris R. Burger

Weergawe 0.10 2021-02-24

## Inleiding

Toe ek in 1988 helikopters geleer vlieg het, het ek 'n lysie van lugvaartterme opgestel. In later jare het ek 'n opleidingshandboek met die naam van *In 'n Vliegtuigstuurkajuit* geskryf, waarin ek Afrikaans-Engelse en Engels-Afrikaanse woordeboeke ingesluit het. Meer as 'n duisend afskrifte van die boek en sy Engelse eweknie *What to do in an Aircraft Cockpit* het die lig gesien, en vir meer as 'n dekade het ons dosyne Afrikaners in hulle moedertaal geleer vlieg.

Daar is in die ou dae baie dinkwerk oor Afrikaanse terme gedoen. Die Lugmag het in elke tweede maand net Afrikaans gepraat. Alles van opleiding tot instandhouding en selfs lugverkeerleiding is in sulke maande in Afrikaans gedoen. Ek weet nie hoeveel daarvan op skrif gestel is nie, maar ten minste het ek die geleentheid gekry om baie van daardie terme deur praktiese gebruik te leer ken.

Aan die einde van 2016 het ek die SA Radioliga se studiegids vir radioamateurs geredigeer, en toe as *Inleiding tot Amateurradio* in Afrikaans vertaal. Ek het vir elke hoofstuk 'n chronologiese termelys gemaak. Nadat al die moeite gedoen is, het ek besluit om die terme in 'n enkele alfabetiese lys op die Internet beskikbaar te stel. Daar was ander pogings om so iets op 'n georganiseerde basis te doen, maar met die uitdagings van komitees en konsensus verwag ek dat dit nog lank sal duur voordat iets tasbaar verskyn. Die termelys wat ek uitgegee het is met ope arms ontvang, bo alle verwagting van my kant af.

Hierdie lys is 'n poging om dieselfde doel met lugvaartterme te bereik. Ek begin met my eie boeke en my oorspronklike helikopterlys, met 'n klomp byvoegings waaraan ek nou kon dink. Enige verdure bydraes en kommentaar word met ope arms verwelkom.

Daar is 'n paar woorde wat vertaal is, maar waar die vertaling nog ongemaklik voel. Daar is selfs 'n paar waarvoor ek nog nie Afrikaanse weergawes kon vind nie. Ek het hulle met “##” gemerk. Voorstelle word veral op hierdie paar woorde ingewag.

Chris R. Burger, Pretoria, Februarie 2018

## Redaksiebeleid

Woorde wat in hulle gewone sin gebruik word, is nie ingesluit nie. Gebruik daarvoor 'n gewone woordeboek. Hierdie lys bevat net terme spesifiek tot lugvaart.

Hierdie is 'n eerste poging—onvolledig en nie deeglik geproeflees nie. Ek hoop op bydraes!

Ek het hard gewerk om anglicismes te vermy, behalwe waar hulle reeds oorweldigend algemeen in die nywerheid gebruik word. Daar is soms meer as een term in omloop, en daar bestaan dikwels 'n baie beskrywende Afrikaanse term. In sommige gevalle het ek 'n keuse gemaak en die anglicisme uitgelaat.

## Gebruiksaanwysings

Omdat Afrikaans neig om woorde te koppel, is daar baie Engelse frases wat met 'n enkele Afrikaanse woord vertaal word. Soek dus (elektronies) vir die woord wat jy wil vertaal; dit verskyn dalk op meer as een plek in die woordelys.

Sommige Engelse woorde word deur “*n*”, “*v*”, “*adv*” of “*adj*” gevolg. In ooreenstemming met normale praktyk, staan hierdie terme onderskeidelik vir *noun* (naamwoord), *verb* (werkwoord), *adverb* (bywoord) en *adjective* (byvoeglike naamwoord). Ek het die simbole uitgelaat waar die aard uit die betekenis duidelik genoeg is.

## Dankie!

Pro Lingua se erkenning van my werk in die radio-veld en die gevolglike aanmoediging van Willie Pretorius van Unisa se Taalburo het baie gedoen om my uiteindelik te kry om hierdie lys te boekstaaf. My kollega Gerhard van den Berg het soos gewoonlik allerhande interessante bronne opgediep. Machiel Viljoen het 'n hele handvol terme voorgestel. Dankie!

## Termelys

Engels	Afrikaans	Opmerking
abeam	langsaaan, regteenoor	
accelerate	versnel	
acceleration	versnelling	
action list	aksielys	
adapt	aanpas	
adaptor	passtuk	
advance angle	voorloophoek	
advancing blade	voorwaartse blad	
adverse	ongunstig	
adverse aileron yaw	rolroergier	
advisory airspace	advieslugruim	
aerobatics	kunsvlug	
aerodrome	vliegveld	
aerodynamic <i>adj</i>	lugdinamies	
aerodynamics <i>n</i>	lugdinamika	
aerofoil	vlerkprofiel	
airplane	vliegtuig	
aft	agter	
aileron	rolroer	
airbrake	lugrem	
aircraft	lugvaartuig	“vliegtuig” is iets anders!
aircraft carrier	vliegdekskip	
airfield	vliegveld	
airflow	lugvloei	
airfoil	vlerkprofiel	
air force	lugmag	
airframe	lugaam	
air freight	lugvrag	
airmanship	lugsin, vliegkuns	
airport	lughawe	
airship	lugskip	

Engels	Afrikaans	Opmerking
airspace	lugruim	
airspeed	lugspoed	
airspeed indicator	lugspoedwyser	
air traffic control	lugverkeerleiding	
airway	lugweg	
air wing	lugvleuel	
airworthy	lugwaardig	
airworthiness	lugwaardigheid	
align	belyn, oplyn	
alignment	belyning	
alternator	wisselstroomopwekker	
altimeter	altimeter	
altitude	hoogte bo see	
ambient	omgewings-, omliggend	Bv. "omgewingslug"
anabatic	anabaties	Wind
angle	hoek	
angle of attack	invalshoek	
angle of incidence	steekhoek	
angular momentum	hoekmomentum	
annunciator	waarskuwingslig	
antenna	lugdraad	
anti-aircraft	lugafweer	
anti-ice	yswering	
apparatus	toestel	
approach <i>n</i>	nadering	
approach <i>v</i>	nader	
apron	laaiblad, staanblad	
arc	boog	
articulated rotor	gelede rotor	
artificial	kunsmatig	
aspect ratio	slankheidsverhouding	
attitude (aircraft, disc)	stand	
attitude (pilot)	houding	
attitude indicator	standwyser	
audio	klank- (voorvoegsel)	
autogiro	outogiro	
autopilot	stuuroutomaat	
autorotation	outorotasie	
autothrottle	outokragarm	
autothrust	outostukrag	
auxiliary	hulp-	
auxiliary power unit	hulpkragbron	
avionics	avionika, radio's	
avoidance	vermyding	
axis	as	
azimuth	rigting, rigtinghoek	
back <i>v</i>	krimp	Windrigting
backfire	terugploff	
ballast	ballas	Spreek "bal-las" uit...

<b>Engels</b>	<b>Afrikaans</b>	<b>Opmerking</b>
balloon	ballon	
bank	krink, kanteling	
bank angle	krinkhoek	
bar	staaf	
barrel roll	vaatjierol	
base leg	indraaisy	
basket	mandjie	
beacon	baken	
bearing (machine)	laer	
bearing (navigation)	peiling	
before landing checks	voorlandingsgebooie	
Bendix	glyrat	
Bernoulli's principle	Bernoulli se beginsel	
black box	vlugopnemer	
blade (propeller)	blad, skroefblad	
blade (rotor)	blad, rotorblad	
blade angle	bladhoek	
blade sailing	bladseil	
bleed air	bloeilug	
blimp	ballonskip	
blowback	terugflap	
boundary	grens	
boundary layer	grenslaag	
brake	rem	
briefing	voorligting	
buoyancy	dryfvermoë	
buoyant	drywend	
burner	brander	Ballon-onderdeel
bus bar	bus, stam, geleistam	
butane	butaan	
butterfly valve	vlinderklep, vleuelklep	
bypass	verbyvloei	
bypass ratio	verbyvloei-verhouding	
calibrate	yk	
calibrated	geyk	
cam	nok	
cam shaft	nokas	
camber	kromming	
canard	neusvlerk, voorvlerk	
canopy	kap, kajuitkap	
canvas	seil	
carbon dioxide	koolsuurgas	
carburettor	vergasser	
carburettor heat	vergasserhitte	
cargo plane	vragvliegtuig	
catabatic	katabaties	Wind
caution	versigtigheid	
ceiling	plafon, klimplafon	
centre of gravity	swaartepunt	

<b>Engels</b>	<b>Afrikaans</b>	<b>Opmerking</b>
centre of pressure	drukmiddelpunt	
centreline	middel lyn	
centrifugal	middelpuntvlietend	
centripetal	middelpuntsoekend	
charge <i>n</i> (electrical)	lading	
charge <i>v</i> (electrical)	laai	
check <i>v</i>	nagaan	
checks <i>v</i>	gebooie	
checklist	gebooielys, nagaanlys	
chip detector	skerfieverklikker	
chock	wielblok	
choke	smoorklep	
chord	koordlyn	
chord line	koordlyn	
circuit (electrical)	stroombaan, kring	
circuit (traffic)	kring	
circuit breaker	kringbreker	
civil	burgerlik	
civil aviation	burgerlugvaart	
clear <i>adj</i>	skoon	
clear <i>v</i> (air traffic control)	klaar	
clearance	klaring	
climb	klim	
climbout	uitklim	
clockwise	kloksgewys	
coarse (propeller)	grof	
cockpit	stuurkajuit	
coil	heliks	Ballon-onderdeel
collective pitch	gesamentlike steek	
collective pitch lever	steekhefboom	
collision	botsing	
collision course	botsingsbaan	
combustion	ontbranding	
commercial	handels-	
commercial pilot	handelsvlieënier	
commuter	pendel-	
compass	kompas	
compensate	voorsien, opmaak	
compensation	voorsiening	
composite	saamgestel	
composite material	saamgestelde material	
compress	saampers	
compression	saampersing	
compressibility	saampersbaarheid	
compute	bereken	
computer	rekenaar	
condition	toestand, voorwaarde	Verskillende betekenis!
conditional	voorwaardelik	
configure	opstel	

Engels	Afrikaans	Opmerking
configuration	opstelling	
confirm	bevestig	
conformal gear	##	
conical	keëlvormig	
coning	keëlvorming	
conservation	behoud	
constriction	vernouing	
contaminate	besoedel	
contamination	besoedeling	
continuous	deurlopend	
contract <i>v</i> (material)	inkrimp	
contract <i>n</i>	ooreenkoms	
contraction	inkrimping	
contrail	dampspoor	
control <i>n</i>	stuurmiddel	
control <i>v</i>	beheer, stuur	
control orbit	beheerwentelbaan	
control surfaces	stuurvlakke	
control tower	beheertoring	
controlled airspace	leidingslugruim	
coordination (aircraft)	balans	
counterclockwise	teenkloksgewys	
couple (forces)	koppel	
course <i>n</i>	koers	
cowling	kap	Bv. motorkap
cow burner	suutjiesbrander	
cowl flaps	kieue	
crankcase	krukkas	
crankshaft	krukas	
crew	bemannings	
critical	kritiek	Nie <i>krities</i> nie!
cross-country	oorlands	
crossfeed	kruistoevoer	
crosswind	dwarswind	
crown	kroonring	Ballon-onderdeel
crown line	kroontou	Ballon-onderdeel
cruise	kruisvlug	
cruising speed	kruisspoed	
current	stroom	
curve <i>n</i> (graph)	kromme	
curve <i>n</i> (shape)	kromming	
curved	krom, geboë	
curvature	kromming	
cut-off	afsnij	
cycle	siklus	
cyclic pitch	sikliese steek	
cyclic pitch control	sikliese steekbeheer	
cylinder	silinder	
damper	demper	
dead-stick	motorloos	

<b>Engels</b>	<b>Afrikaans</b>	<b>Opmerking</b>
decrease <i>n</i>	vermindering, afname	
decrease <i>v</i>	verminder, afneem	
deflate	afblaas	
deflation cap	valskeerm	Ballon-onderdeel
deflation port	afblaasopening	Ballon-onderdeel
deflection	uitwyking	
delay	vertraging	
de-icing	ont-ys	
density	digtheid	
density altitude	digtheidshoogte	
departure	vertrek	
dependent	afhanklik	
descend	daal	
descent	daling	
destination	bestemming	
detonation	ontploffing	
deviation	afwyking	
digital	syfer-	Bv. syferstelsel, syferbeheer
digitise	versyfer	
dihedral	dihidraal	
direction	rigting	
direction indicator	rigtingwyser	
directional control	rigtingbeheer	
director (flight director)	rigter	
dirigible	lugskip	
discrete	diskreet	
dissymmetry	asimmetrie	
distress	nood	
distress call	noodsein	
distribution	verspreiding	
ditch	waterland	
dive brake	duikrem	
dogfight	luggeveg	
domestic	binnelands	
Doppler shift	Doppler-skuif	
dorsal	dorsaal (bo die romp)	
downlink	af-skakel	Telemetrie
downwind	windaf	
drag (aerodynamic)	sleur	
drag (rotor blade)	sleep	
drag chute	remvalskeerm	
dragging	sleping	Rotorkop
drain <i>v</i>	aftap	
drift <i>v</i>	afdryf	
drift angle	dryfhoek	
drive <i>n</i>	aandrywing	
drive <i>v</i>	aandryf	
drive shaft	dryfas	
drone	hommeltuig	Nie formeel gedefinieer nie
drop line	hanteerlyn	Ballon-onderdeel
dual controls	dubbelstuur	
dynamic	dinamies	

<b>Engels</b>	<b>Afrikaans</b>	<b>Opmerking</b>
effect	gevolg	
effective	effektief	
efficiency	rendement	
eject	uitskiet	
ejection seat	uitskietstoel	
elevator	hoogteroer	
elevation (terrain)	hoogte bo see	
elevation (angle)	hoogtehoek	
emergency	noodgeval	
empennage	stertvlakke	
endurance (aircraft)	houtyd	
engine	motor	
en route	roetelangs	
envelope	omhulling	Bv. spoed-hoogte-omhulling
envelope	omhulsel	Ballon-bokant
environmental	omgewings-	
equator	ewenaar	
error	fout	
estimate <i>n</i>	skatting,beraming,	
estimate <i>v</i>	skat, beraam	
estimated	geskatte,beraamde	
exhaust	uitlaat	
expand	uitsit	
fabric	lap	
fail	weier	
failsafe	weier-veilig	
failure	weiering	
fairing	stroomlynkap	
fatigue	vermoeidheid	
feather <i>v</i>	faan	
feathered	gefaan	
feathering	fanning	
ferry	veervlug	
final approach	eindnadering	
fine (propeller)	fyn	
first aid	noodhulp	
first aid kit	noodhulpkassie	
fix (position)	merk	
flap <i>n</i>	klap	
flap <i>v</i>	flap	
flap to equality	gelykflap	
flapback	terugflap	
flare <i>n</i> (signal)	fakkel, ligfakkel	
flare <i>n</i> (landing)	uitronding	
flare <i>v</i> (landing)	uitrond	
flexible coupling	buigsame koppeling	
flight	vlug	
flight director	rigter	
flight folio	vlugfoliant	
flight level	vlugvlak	
flight panel	vliegpaneel	
flight plan	vlugplan	

Engels	Afrikaans	Opmerking
flight recorder	vlugopnemer	
float <i>n</i> (undercarriage)	vlot	
float <i>v</i>	dryf	
floatplane	vlotvliegtuig	
flow	vloei	
flow checks	vloeigebooië	
fluid	vloeier	Nie <i>vloeistof</i> nie!
flutter	vladder	
fly	vlieg	
flying boat	vliegboot	
force	krag	
forced landing	noodlanding	
fore	voor, voorwaarts	
forward	voorwaarts	
four-stroke	vierslag	
freewheel <i>n</i>	glyrat	
freewheel <i>v</i>	vryloop	
fuel	brandstof	
fuel injection	brandstofinspuiting	
fuel selector	brandstofkraan, brandstofkieser	
full-stop landing	volle landing	
fuse	sekering, smeltdraad	
fuselage	romp	
gain	wins	Lugdraad- of versterkerwins
gas balloon	gasballon	
gauge	meter	
gear	rat	
gearbox	ratkas	
general aviation	algemene lugvaart	
generator	opwekker	
gimbal	##	
glide	sweef	
glider	sweeftuig	
glidepath	glybaan	
glideslope	glyhelling	
go-around	verbyskiet	
gore	kolom	Ballon-onderdeel
govern <i>v</i>	reël	
governor	reëlaar	
gradient	helling	
gradient wind	hellingwind	
gravity	swaartekrag	
ground cushion	grondkussing	
ground effect	grondeffek	
ground speed	grondspoed	
guidance	leiding	
gust	vlaag	
gyrocopter	girokoopter	
gyroscope	giroskoop	
handling line	hanteerlyn	Ballon-onderdeel
hangar	loods	

Engels	Afrikaans	Opmerking
harness	harnas	
hatch	luik	
haze	waas	Weerverskynsel
header tank	houtenk	
heading	neusrigting	
heads-up display	opkykskerm	
heater	verwarmer	Ballon-onderdeel
height	hoogte bo grond	
helicopter	helikopter	
heliport	helihawe	
helium	helium	
hemisphere	halfronde	
hexrotor	sesrotor	
hijack <i>n</i>	skaking, kaping	
hijack <i>v</i>	skaak, kaap	
hinge	skarnier	
holding pattern	houpatroon	
holding point	houpunt	
holding RPM	houtoertal	
holdoff	afhou	During landing
Hooke's joint	Hooke-koppeling	
horsepower	perdekrag	
hose	slang	Bv. "brandstofslang"
hot air balloon	warmlugballon	
hover	stilhang	
hub	naaf	
hull	romp	
humid	vogtig	
humidity	voggehalte	
hybrid	baster	
hydraulic	hidrolies	
hydraulics	hidrolika	
hydrogen	waterstof	
hysteresis	histerese	
idle	luier	
ignition	ontsteking	
impact ice	impakys	
inch	duim	
inches of mercury	duim kwik	
inclined	gekantel	
increase <i>n</i>	toename	
increase <i>v</i>	toeneem	
indicate	aanwys	
indicated airspeed	aangewese lugspoed	
induced	veroorsaak	
induced drag	hefkrag-verwante sleur	
induction	inlaat	
inertia	traagheid	
inflate	opblaas	
inflation fan	opblaaswaaier	
inflow angle	invloeihoek	
inflow roll	invloeirol	

Engels	Afrikaans	Opmerking
information	inligting	
information airspace	inligtingslugruim	
injection	inspuiting	
intake	inlaat	
inverted	omgekeerd	
involute gear	##	
issue v (licence)	uitreik	
jet (aircraft)	straalvliegtuig, spuitvliegtuig	
jet engine	straalmotor	
jet fuel	stralerbrandstof	
jetstream	straalstroom	
jumbo jet	makrostraler	
kit	boustel	
kite	vlieër	
knot	knoop	
lag (phase, timing)	naloop	
land v	land	
landing	landing	
landing gear	onderstel	
landing strip	landingstrook	
lateral	dwars	
lateral axis	dwarsas	
latitude	breedtegraad	
layer	laag	
lead (phase, timing)	voorloop	
leading edge	voorrand	
lean <i>adj</i> (mixture)	arm	
lean v (mixture)	verarm	
legible	leesbaar	
level	vlak	Versamelnaam
lever	hefboom	
lift (force)	hefkrag	
lift (thermal)	opstroom	
lift-drag ratio	hefkrag-sleurverhouding	
liftoff	oplig	
limitation	beperking	
line of sight	siglyn	
link	skakel	
liquid	vloeistof	
load	las, belading	
load factor	laaifaktor	
load tape	laslint	Ballon-omhulselonderdeel
local	plaaslik	
localiser	naderingspoor	
locus of control	beheerlokus	
logbook	ritboek, joernaal	
longitude	lengtegraad	
longitudinal	lengtewaarts	
longitudinal axis	langsas	
loop	lus	
lower limit	ondergrens, onderperk	
lubricant	smeermiddel	

<b>Engels</b>	<b>Afrikaans</b>	<b>Opmerking</b>
lubricate	smeer	
Mach number	Machgetal	
main rotor	hoofrotor	
maintenance	instandhouding, onderhoud	
manifold	spruitstuk	
manned	beman, bemande	
manual <i>adj</i>	hand-	Nie outomaties nie
manual <i>n</i>	handleiding	Boek
mass	massa	
mast	mas	
master switch	hoofskakelaar	
mast bumping	masstamp	
mean	gemiddeld	
mercury	kwik	
missed approach	wannadering	
mixture	mengsel	
mode	modus	
moist	klam, vogtig	
moisture	vog	
multi-engine	meermotor	
multi-pilot	meervlieënier	
multirotor	meerrotor	
nautical	seevaarts- (voorvoegsel)	
nautical mile	seemyl	
navaid	navigasiehulpmiddel	
navigation	navigasie	
navigation flight	oorlandse vlug	
nitrogen	stikstof	
noise (electrical)	ruis	
noise (environmental)	geraas	
normal axis	normale as	
nosewheel	neuswiel	
notch	keep	
nozzle	sput	
odorant	reukmiddel	
offset	afset	
operational	bedryfs- (voorvoegsel)	
orbit <i>n</i>	wentelbaan	
orbit <i>v</i>	wentel, omwentel	
orifice	opening	
oscillation	ossillasie	
overhaul	opknap, opknapping	
overhead <i>adj</i>	bo-oor	
overlap	oorvleueling	
over-pitching	steek-oormaat	Helikopter
oxygen	suurstof	
oxygen mask	suurstofmasker	
panel	paneel	
parachute	valskerm	
parachute top	valskerm	Ballon-onderdeel
parasitic	parasities	
pedal	pedaal	

<b>Engels</b>	<b>Afrikaans</b>	<b>Opmerking</b>
pendulum	slinger	
performance	prestasie, werkverrigting	
periodic	periodies	
perpendicular	haaks, loodreg	
phase	fase	
phase lag	fasenaloop	
phase lead	fasevoorloop	
phugoid	fugoïed	
pibal (pilot balloon)	loodsballon	Ballon-toebehoor
pilot	vlieënier	
pilot balloon	loodsballon	
pilot light	loodsvlam	Ballon-onderdeel
piston	suier	
piston engine	suiermotor	
pitch <i>n</i>	steek	
pitch <i>v</i>	hei	
pitch angle	steekhoek	
pitch attitude	stand	
pitot tube	pitotbuis	
plane	vlak	Nie 'n vliegtuig nie
plane of rotation	draaivlak	
port	bakboord, poort	Verskillende betekenis
power	drywing	Verkieslik nie "krag" nie
power-to-weight ratio	drywing-tot-gewigverhouding	
precautionary landing	voorsorglanding	
precession	presessie	
pressure	druk	
pressure vessel	drukhouer	
pressurise	oppomp	
pressurised cabin	drukkajuit	
pressurisation	drukreëling	
pre-ignition	voor-ontsteking	
prime	voorlaai	
primer	inspuitpompie	
propane	propaan	
propel <i>v</i>	aandryf	
propelled	aangedrewe	
propeller	skroef, lugschroef	
propeller blade	skroefblad, skroeflem	
propeller pitch	skroefsteek	
pyrometer	pirometer	
quadrotor	vierrotor	
radio control	radiobeheer	
radio panel	radiopaneel	
radius	straal	
ramp (American)	laaiblad	
range (possible movement)	bestek	
range (distance capability)	reikafstand	
rate	tempo	
rate of climb	klimtempo	
rate of descent	daaltempo	

<b>Engels</b>	<b>Afrikaans</b>	<b>Opmerking</b>
rate one turn	tempo een-draai	
rating (licence)	gradering	
ratio	verhouding	
rattan	rottang	
recirculation	hersirkulasie	
recover	herstel	
recovery	herstel	
reference	verwysing	
regulate	reël	
regulator	reëlaar	
relative	relatief	
relative airflow	relatiewe lugvloei	
remote control	afstandbeheer	
repair	herstel	
resistance	weerstand	
resonance	resonansie	
restraint harness	veiligheidsharnas	
retract	intrek	
retractable	intrek- (voorvoegsel)	
retraction	intrekking	
retreating blade	terugwaartse blad	
revalidate (licence)	herbekragtig	
revalidation (licence)	herbekragtiging	
reversal	omkering	
revolution	omwenteling	
rigid	star	
rigid rotor	star rotor	
ring gear	kroonrat	
ripstop	skeurbestand	
rocket-assisted	vuurpylgesteunde	
rod	staaf	
roll	rol	
rollover	omrol	
rotate	draai	
rotating star	draaiende ster	
rotor	rotor	
rotor disc	rotorskyf	
rotor drag	rotorsleur	
rotor shaft	rotorskag	
roundout <i>n</i>	uitronding	
roundout <i>v</i>	uitrond	
RPM (revolutions/minute)	toertal	
rudder	rigtingroer	
runup <i>n</i>	proeflopie	
runway	aanloopbaan	
scan	aftas	
scanner	aftaster	
scavenge pump	opruimpomp	
scoop	voorskoot	Ballon-onderdeel
seaplane	watervliegtuig	
seat belt	veiligheidsgordel	
secondary effect	newe-effek	

<b>Engels</b>	<b>Afrikaans</b>	<b>Opmerking</b>
semicircle	halfsirkel	
semi-rigid	semi-star	
separation	skeiding	
serviceable	diensbaar	
service interval	diensinterval	
servo	slaafmotor	
shaft	skag	
shimmy	waggel	
shimmy damper	waggeldemper	
shroud	huls, omhulsel	
shutdown	afskakel	
sideslip	glip	
sideways	sywaarts	
sighting compass	visierkompas	
simulator	nabootser	
single-engine	enkelmotor	
single-rotor	enkelrotor	
situation awareness	situasiebewussyn	
skid (aerodynamic)	gly	
skid (undercarriage)	slee	
skirt	voorskoot	Ballon-onderdeel
slats	vlerkstrok	
slip (aerodynamic)	glip	
slipstream	glystroom	
sound barrier	klankgrens	
span	span	
spanwise	spanwaarts	
spark	vonk	
spark plug	vonkprop	
speed	spoed	
speedbrake	spoedrem	
spin <i>n</i>	tolvlug	
spin <i>v</i>	tol	
spin recovery	tolherstel	
spinner	skroefnaafdop	
spring	veer	
spring top	valskerm, valskermklep	Ballon-onderdeel
squadron	eskader	
squat switch	hurkskakelaar	
squawk	kekkel	
stability	stabiliteit	
stable	stabiel	
stall	staak	
stall angle	staakhoek	
stall recovery	staakherstel	
starboard	stuurboord	
start	aansit, aanskakel	
static	staties	
static pressure	statiese druk	
static port	statiese poort	
static vent	statiese poort	
stationary	stilstaande	

Engels	Afrikaans	Opmerking
stationary star	stilstaanster	
steer <i>v</i>	stuur	
steerage <i>n</i>	stuurbestek	
stick	stok	
straight and level	reguit en gelyk	
strain	vervorming	
streamlined (flow)	vaartbelyn	
streamlined (object)	vaartbelyn	
stress	spanning	Meganies en emosioneel
stressed skin	gespanne-huid	
strobe	blitslamp, blitsbaken	
stroke (engine)	slag	
suction	suigkrag	
supercharger	aanjaer	
superimpose	superponeer	
supplement	bylaag	
surface	oppervlak, oppervlakte	Verskillende betekenis!
surface-to-air	grond-tot-lug	
surveillance	verkenning, waak	
surveillance radar	waakradar	
swash plate	wankelwiel	
sweep angle	pylhoek	
swept wing	##	
switch	skakelaar	
symmetrical	simmetries	
system	stelsel	
systems panel	stelselpaneel	
tachometer	toerteller	
taildragger	stertwielvliegtuig	
tail rotor	stertrotor, hulprotor	
tail wheel	stertwiel	
takeoff	opstyg	
tap	kraan	
tapered	taps	
taxi	ry	
taxiway	rybaan	
teeter	wankel	
telemetry	telemetrie	
thermal <i>adj</i>	termies	
thermal <i>n</i> (lift)	opstroom	
thickness	dikte	
throttle	gasarm	
throttle friction	kragklem	
thrust	stukrag	
thrust lever	stukragarm	
thrust reverse	terugstuwing	
tilt	kantel	
tip (incline)	kantel	
tip (wing, rotor)	punt	
tip-path	puntpad	
top cap	valskerm, valskermklep	Ballon-onderdeel
torque	wringkrag	

<b>Engels</b>	<b>Afrikaans</b>	<b>Opmerking</b>
total reaction	totale reaksiekrag	
touch-and-go landing	deurlooplanding	
touchdown	neerstryk	
tow	sleep	
track <i>n</i>	grondbaan	In navigasie
track <i>v</i>	volg	
trailer	sleepwa	
trailing edge	volgrand	
transceiver	sendontvanger	
transducer	omsetter	
transition	oorgang	
transition altitude	oorgangshoogte	
transition level	oorgangsvlak	
translational lift	translasie-hefkrag	
transponder	antwoordsender	
travel (range of motion)	bestek	
triangular	driehoekig	
trim	trim	
trim tab	trim-oortjie	
trim wheel	trimwiel	
Tropic of Cancer	Kreefskeerkring	
Tropic of Capricorn	Steenbokskeerkring	
true airspeed	ware lugspoed	
tube (hose)	buis, slang	
tube (tyre)	binneband	
tug <i>n</i>	sleepvliegtuig	
tug <i>v</i>	sleep	
turbine engine	turbinemotor	
turbo charger	turbo-aanjaer	
turboprop	turboskroef	
turbulent	ontstuimig	
turn indicator	draaiwyser	
turning vents	draai-uitlaat	
twist	wring	
twist grip	wringhandvatsel	
two-stroke	tweeslag	
undercarriage	onderstel	
unmanned	onbeman	
unserviceable	ondiensbaar	
unusual attitude	buitengewone stand	
uplink	op-skakel	Telemetrie
upper limit	bogrens, boperk	
vacuum pump	suigpomp	
validation (licence)	bekragtiging	
valve	klep	
vapour	damp	
vaporise	verdamp	
vaporiser burner	damp-brander	
vapour lock	dampborrel	
vapour pressure	dampdruk	
variation (change)	wisseling	
variation (magnetic)	variasie	

<b>Engels</b>	<b>Afrikaans</b>	<b>Opmerking</b>
variometer	variometer	
vector	vektor	
veer <i>v</i>	ruim	Windrigting
velocity	snelheid	
vent <i>n</i>	uitlaat	
vent <i>v</i>	uitlaat, afblaas	
venturi effect	venturi-effek	
vertical	vertikaal	
vertical speed indicator	vertikale spoedwyser	
visual flight	sigvlug	
voltage	spanning	
vortex	warreling, dwarreling	
vortex ring	Warrelring	
wake	volgstroom	
washout	##	
waypoint	draaipunt	
webbing	bande	
weight	gewig	
wicker basket	gevlegte mandjie, rottangmandjie	
windscreen	windskerm, voorruit	
windsock	windkous	
wing	vlerk	
yaw	gier	
yaw damper	gierdemper	
yoke	stuurstang	
zoom climb	zoemvlug	

## Afkortingslys

Baie van hierdie afkortings beskryf nuwe tegnologie. Waar goed-gevestigde Afrikaanse afkortings bestaan, word hulle getoon. Waar niks genoem word nie, word die Engelse afkorting gewoonlik ook in Afrikaans gebruik.

Afkorting		Afrikaanse term	Opmerkings
Engels	Afr.		
AD		Lugwaardigheidsriglyn	
APU		Hulpkragbron	
ACAS		Aanboord-Botsingvermydingstelsel	
ADC		Lugdatarekenaar	
ADF		Outomatiese Rigtingvinder (-peiler)	
ADI		Stand- en rigterwyser	
AGL	BGV	Bo grondvlak	
AI		Standwyser	
AIC		Lugvaartinligtingsomsendbrief	
AIP		Lugvaartinligtingspublikasie	
AMSL	BSV	Bo seespieël	
ARO		Ontspanningslugvaartinstansie	
ASI		Lugspoedwyser	
AT		Outostukrag	
ATC	LVL	Lugverkeersleiding	
ATF		Vliegmagtiging	
ATO		Lugvaartopleidingsinstansie	
ATPL	LVL	Luglyntransportvlieënierslisensie	
ATSU	LVDE	Lugverkeersdienseenheid	
BPL	BVL	Ballonvlieënierslisensie	
BVLOS		Buite siglyn	
CAA	BLO	Burgerlugvaartowerheid	
CAR	BLR	Burgerlugvaartregulasies	
CAS		Geykte lugspoed	
CATS		Burgerlugvaart Tegniese Standaard	
CFM		Kubieke voet per minuut	Antieke eenheid
CHT		Silinderkoptemperatuur	
CPDLC		Beheerder-vlieëniers-dataskakel	
CPL	HVL	Handelsvlieënierslisensie	
CRM		Kajuit hulpbronbestuur	
CTA		Leidingsgebied	
CTAF		Algemene Verkeersuitsaaifrekwensie	
CTR		Beheersone	
CVR		Kajuitstemopnemer	
DA		Beslissingshoogte bo see	
DCA	DBL	Direkteur van Burgerlugvaart	
DH		Beslissingshoogte bo grond	
DI		Rigtingwyser	
DME		Afstandsmeeettoestel	
DFE		Aangewese vlugeksaminator	
EAA		Eksperimentele Vliegtuigvereniging	
EAS		Ekwivalente lugspoed	
EDTO		Verlengde Uitwykingstydbedryf	

Afkorting		Afrikaanse term	Opmerkings
Engels	Afr.		
EET		Beraamde vlugtyd	
EFATO		Motorweiering na opstyg	
EFIS		Elektroniese vlieginstrumentstelsel	
EGT		Uitlaatgastemperatuur	
ELT		Noodpeilingsender	
ETA		Beraamde aankomstyd	
EVLOS		Uitgebreide siglyn	
FAF		Eindnaderingsmerk	
FDR		Vlugdataopnemer	
FMS		Vlugbestuurstelsel	
FNPT		Vlug- en navigasieprosedurenabootser	
FPL		Vlugplan	
GBAS		Grondgebaseerde aanvullingstelsel	
GPL		Sweefvlieënerslisensie	
GP		Glypad	
GPS	GPS	Globale Posisiepeilstelsel	
GS	GS	Grondspoed	
GS		Glyhelling	
HF	HF	Hoëfrekwensie	
IAF		Tussennaderingsmerk	
IAS	ALS	Aangewese lugspoed	
IFR	IVR	Instrumentvliegreëls	
ILS	ILS	Instrumentlandingstelsel	
LPG	VPG	Vloeibare Petroleumgas	
MEL		Minimum-toerustingstelsel	
MSL		Gemiddelde seevlak	
MTBF		Gemiddelde tyd tussen weierings	
NDB		Ongerigte baken	
NM		Seemyl	
NPL	NVL	Nasionale Vlieënerslisensie	
OAT		Buitelugtemperatuur	
PAPI		Presisie-naderingshoekwyser	
PIC		Gesagvoerder	
PPL	PVL	Privaatvlieënerslisensie	
PSI	PVD	Pond per vierkante duim	
RDF		Radiorigtingspeiling	
RMI		Radio-magnetiese aanwyser	
RNAV		Area-Navigasiestelsel	
RPA		Afstandbeheerde lugvaartuig	
RPAS		Afstandbeheerde lugvaartuigstelsel	
RPL		Afstandbeheer-vlieënerslisensie	
RPM	OPM	Toertal (omwentelinge per minuut)	
RVLOS		Bepaalde siglyn	
SBAS		Ruimtegebaseerde aanvullingstelsel	
SPL	SVL	Studentvlieënerslisensie	
SSB	ESB	Enkelsyband	
TAS	WLS	Ware lugspoed	
TBO		Tyd tussen opknapping	

Afkorting		Afrikaanse term	Opmerkings
Engels	Afr.		
TMA		Terminaalleidingsgebied	
UA		Onbemande vliegtuig	
UAS		Onbemande vliegtuigstelsel	
UHF	UHF	Ultrahoë-frekwensie	
VFR	SVR	Sigvlugreëls	
VHF	BHF	Baie hoë frekwensie	
VLOS		Siglyn	
VOR		BHF-Omnibaken	
VSI		Vertikale spoedwyser	